DIE OLIELAMP

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

EN 'N EWIGE LEWE…

Hoe dink jy aan die ewige lewe? Dink jy ooit daaraan of is jy te besig met allerhande ander dinge? Lewe jy vir vandag of vir later, versamel jy aardse skatte of het jy al 'n skatkis in die hemel?

"Moenie vir julle skatte bymekaar maak op die aarde, waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie; maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie; want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees. " (Matteus 6: 19-21)

Is ons wel genoeg bewus van die lewe na hierdie lewe op aarde? Ons is so besig met die dinge hier, ja selfs ons Bybel en geloof dat ons net aan die aardse beoefening van ons geloof dink en glad nie verder dink aan 'later' nie. Daar waar ons tog eintlik vir en na toe lewe…

Ek weet, ons geniet die lewe op hierdie aarde al is daar sekere tye wat ons maar swaar kry, dan verlang ons na die ewige lewe, maar ander tye wanneer dit goed gaan? Dink ons dan nie maar vinnig dat die lewe hier tog maar heel lekker is nie? Hoe gaan die lewe sonder liefde en trou wees?!

Is dit nie dinge wat deur ons almal se koppe gaan nie? Gelukkig mag ons dan ook weet dat ons dan heeltemal menselik redeneer, die lewe by God gaan heerlik wees! Sonder sonde en hartseer! Ons gaan nie al hierdie dinge, waar ons soveel waarde aan heg, mis nie. Ons gaan saam met God wees, die hele dag, en lewe tot Sy eer!

Ons mag lewe na die dag dat God sal terug kom op die wolke, terwyl ons Hom mag tegemoet gaan en ewig saam met Hom mag lewe!

Op 'n ander noot…

Die matrieks is al amper of al heeltemal klaar met hulle eindeksamens. Ons hoop dat alles baie goed gegaan het! Geniet die lang vakansie! Sterkte ook aan al die universiteits-mense wat nou besig is met eksamen, vasbyt, die einde van die jaar staan al nader en die vakansie is baie naby! En die van ons wat al werk… die einde van die jaar is ook al naby vir julle, vat bietjie vakansie en kom woon die kongres by!

Lekker lees aan hierdie Olielamp, die artikels en natuurlik ook die kongresnuus, hoop om julle almal daar te sien!

Groete namens die Maranata-redaksie
Cora

INHOUD

En 'n Ewige lewe…	1
Uit die Woord	**2**
Paulus se 3e sendingsreis- die Heilige Gees en doop	2
Oppad	**3**
Die Bybel, die Psalms en die hervormers (III)	3
Die Here is 'n Rots	4
Stiltetye – gebaseer op die video van louise Malherbe	5
Voel jy ook so?	**6**
Is Ons Kerkjeug Geslote?	6
With Both Hands Waving - Justin Fox	8
Film resensie: I am Sam	9
http://www.spindleworks.com/	10
Sosiaal	**11**
Deur die Sleutelgat	11
Voetspoor	12
Kongres 2002	14
Nog iets.. .	**14**
brokkies@epos. co. za	14
Gedig	15
Sy vrede	16

PAULUS SE 3E SENDINGSREIS- DIE HEILIGE GEES EN DOOP

Hand. 19:1-10

Carien Antonides

Daarop sê Paulus: "Johannes het die mense gedoop as hulle hulle bekeer het. Maar hy het vir die volk gesê dat hulle in die Een wat na hom kom, moet glo, dit is Jesus. "

In hierdie gedeelte is die enigste voorbeeld in die Nuwe Testament van iemand wat vir die tweede keer gedoop word. Voor Christus se koms is die wat hulle bekeer het deur Johannes gedoop, maar dit was egter net 'n doop met water, slegs 'n teken en dit het gewys op die ware doop wat nog sou kom, die doop in Christus.

Paulus reis deur die binneland en kom in Efese aan, een van die volkrykste en mooiste stede van die wêreld in daardie tyd. In die stad ontmoet hy mense wat die naam "gelowiges" het, maar wat nouliks Christene genoem kan word omdat hulle nog nie die Gees van Christus ontvang het nie. Volgens die Nuwe Testament kan 'n mens net 'n Christen wees as jy die Gees ontvang het ("Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie. " Joh. 3:5)

Op Paulus se vraag of hulle die Heilige Gees ontvang het, antwoord hulle dat hulle nog nie gehoor het of die Heilige Gees al gekom het nie. Dit is dus duidelik dat hulle die Gees nog nie ontvang het nie. Die uitstorting van die Gees en die doop is ten nouste saam verbind, waar die Gees nie is nie, is geen ware doop nie. Die "gelowiges" in Efese is met die doop van Johannes gedoop, en moes dus gehoor het toe Johannes gepraat het van die doop met die Gees wat aan die kom is, hulle het egter nie geweet dat die Gees reeds gekom het nie. Na Jesus se koms, was Johannes se doop nie meer nodig nie, dit was slegs 'n doop wat die bekering verseël het en vooruit gewys het na die Messias wat sou kom.

Na hulle dit aangehoor het, is hulle gedoop in die naam van die Here Jesus. Paulus het hulle ook die hande opgelê, en hiermee erken hy

Redaksies:

Pretoria:
Redaktrise: Tanya de Vente – tanyadevente@freemail.absa.co.za
Sekretaresse: Carina Bijker
Lede: Wilma Lubbinge
Chris Stolper
Arjan van Houwelingen

Maranata:
Redaktrise: Cora Visser - jrvisser@global.co.za
Penningmeester: Daniël van der Meulen
Sekretaresse: Marie-Louise van den Bout
Lede: Cornelia Kerkhoff
Frans Hagg
Johan de Vente

Kaapstad:
Redaktrise: Carina van Alten - carinavalten@mweb.co.za
Artikelversorging: Corrien Geleynse
Sjirk Geert
Sekretaresse: Clara van der Vinne
Finansies: Albert Drijfhout

Kontakpersone:
Johannesburg: Marietjie Bijker
Bethal: Eugene du Preez
Springs: Thersa Heuning
Brakpan-Suid: Marcel Brown

Administrasie & uitleg:
Willemien Kleijn - willy_k@freemail.absa.co.za
Gerhard Bijker - gerh@rd.co.za

Ons hoop om *Die Olielamp* 9 keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende Internet adres:
http://www.vgk.org.za/olielamp/

Koste: R45.00 per jaar

hulle as lede van die Christelike kerk. Wanneer Paulus hulle die hande oplê, kom die Heilige Gees op hulle, dit kom tot openbaring in die spreek van tale en profesie.

Paulus bly nog drie maande in Efese, 'n ongewone lang tyd wat toon dat Efese, soos Korinte, vir Paulus 'n belangrike sentrum was. 'n Paar Jode het hulle egter teen Paulus se werk begin verset, hulle het selfs so ver gegaan om die evangelie in die openbaar te probeer belaglik maak. Paulus het toe begin om met die gelowiges afsonderlik besprekings te hou. Vir twee jaar lank het dit so aangehou.

In die wêreld waarin ons vandag lewe is dit dikwels moeilik om jou Christenskap uit te leef en sigbaar te maak vir ander. Ons is egter gedoop in Christus en het die Heilige Gees ontvang wat in ons woon en deur ons werk, en ons die krag sal gee om waar ons ook gaan 'n lig en sout vir die wêreld te wees.

DIE BYBEL, DIE PSALMS EN DIE HERVORMERS (III)

Nederlands
Verskeie Bybeldele asook een vertaling van die hele Bybel (1480) het in die vyftiende eeu in Nederland verskyn. Die eerste algemeen aanvaarde vertaling was die Mennoniete Bybel wat in 1558 in Emden gepubliseer is. Hierdie vertaling het later bekend gestaan as die Biestkens Bybel vernoem na die uitgewer wat dit vanaf 1560 gedruk het.

Die Calviniste het aanvanklik gebruik gemaak van 'n vertaling van die Lutherse Bybel wat in 1561-62 verskyn het. Die Sinode van Dordrecht (1618-19) het toe 'n vertaling van die hele Bybel, goedgekeur wat in opdrag van die State-Generaal tussen 1627 en 1637 gedoen is. Hierdie Bybel is in 1637 gedruk en het as die Statebybel bekend gestaan. Hierdie het die standaard vertaling geword en is ook deur die Mennoniete aanvaar.

Die Katolieke het in 1548 'n vertaling van die Vulgaat deur Nicolaas van Winghe laat maak wat vir baie eeue in gebruik was.

Italiaans
Antonio Brucioli het in die 1530's die Bybel in Italiaans vertaal waarna verskeie ander vertalings gevolg het. Die eerste Protestantse Bybel in Italiaans het in 1562 in Genève verskyn en was net 'n hersiening van vorige vertalings. Die beste vertaling is gedoen deur Giovanni Diodati, Béza se opvolger te Genève, en het in 1607 verskyn. Dit is in 1641 hersien en is daarna vir meer as 'n eeu onveranderd gebruik.

Spaans
Na twee vertalings van die Nuwe Testament deur Francisco de Enzinas (Antwerpen 1543) en Juan Perez de Pineda (Genève 1556) het die volledige Bybel in Spaans eers in 1569 in Basel verskyn. Dié vertaling is gedoen deur Cassiodoro de Reyna, 'n voormalige monnik. Weens die Inkwisisie moes hierdie vertalings meestal in die buiteland gedoen word.

Sweeds
Die Bybel in Sweeds het in 1541 verskyn en het as die Uppsala Bybel bekend gestaan. Die vertaling is gedoen deur Laurentius Petri.

Deens
Die Deense vertaling het bekend gestaan as die Christian III Bybel en is in 1550 in Copenhagen gedruk. Die hersiening van 1589 en 1633 is ook na konings vernoem.

KERK-MUSIEK
Van die vroegste tye af het musiek 'n belangrike rol gespeel by alle godsdienste en het dit inherent deel gevorm van alle aanbiddingseremonies. In die Ou Testament lees ons hoe daar tydens godsdienstige byeenkomste op verskeie instrumente musiek gemaak is en ook gesing en gedans is.

Die vroegste liedere
Die eerste Ou Testamentiese lied het sy ontstaan in die Paradys gehad toe Adam uit sy diep slaap wakker geword het en die vrou sien wat God uit 'n deel van homself gemaak het.

Hy gee sy bekoring weer met die woorde: "Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek. Daarom sal sy *vrou* genoem word; sy is uit die man geneem". (Gen. 2:23)

In teenstelling met hierdie minnelied, is die tweede lied wat opgeteken is die swaardlied van Lameg. As afstammeling van Kain was hy byvoorbaat vyandig gesind teenoor enigiemand wat hom te na wou kom en sing hy die vreeslike oorlogslied, die eerste van alle krygsliedere.

"Ada en Silla, luister na my! Vrouens van Lameg, let op my woorde! Ek maak 'n man dood as hy my wond, 'n seun as hy my seermaak. Kain sal sewe maal gewreek word, Lameg sewe en sewentig maal!". (Gen. 4:23,24)

In die Ou Testament kry ons 'n ryke verskeidenheid van liedere. Daar is die Arbeidslied, die Strydlied, die Smartlied, die Minnelied, die Natuurlied en die Psalms. Van al hierdie liedere vorm die Psalms die oorgrote meerderheid.

Word vervolg.

(Met toestemming geneem uit "Die Bybel , Die Psalms en die Hervormers" deur Alet Malan. Hugenote –Gedenkmuseum Franschhoek, 1995)

DIE HERE IS 'N ROTS

'n Bergklimmer voel veilig wanneer hy eindelik sy voet op 'n vaste, stewige rots kan sit daar hoog in die dun lug bo in die berge. Die hengelaar vind vastigheid op 'n stewige rots langs die see wanneer hy vroeg in die oggende kom visvang…

In die Bybel lees ons baie keer dat God met 'n rots vergelyk word. Wanneer sy kinders om sy hulp roep ken hulle Hom as hulle rots en vastigheid. Ons kan vertroosting daaruit put en krag vir elke dag uit hierdie vergelyking kry, want…

Hierdie Rots is sterk en kragtig. Waar ons swak voel teenoor die aanslae van die sonde, mag ons weet dat Hy sterk is en die sonde weerstaan. Ons mag skuil by hierdie Rots vir beskerming teen die wêreld. Hy omarm en beskut ons. Hy bly altyd dieselfde en verander nooit nie! Hy is wie Hy is, JAHWE. Hy bly altyd getrou en laat jou nooit in die steek nie. Hy beskerm sy kerk en bly haar altyd en orals vergader. Ons mag dit nou ook weer sien met die beweging in die NG Kerk met al die verontruste predikante. God roep sy kinders om saam te vergader.

Ons as mense is teenoor God klein en nietig. Ons is soos riete wat deur die winde van die lewe heen en weer geswaai word en soms selfs geknak word. Ons omstandighede is die een oomblik vol blydskap, maar die volgende oomblik kan hartseer ons oorweldig. In ons emosies is ons nou opgewek en bly, en die volgende oomblik is ons hartseer en bedroef. Ook in ons geloofslewe kan ons soms so seker wees en God se nabyheid voel, terwyl ons later deur twyfel oorval kan word.

Wanneer dit gebeur, kan jy as God se kind na God as jou Rots en hulp vlug. Jy mag weet dat as jy regte berou het oor jou sondes, dat Hy jou sal vergewe. Hy is sterk en het die sonde en die dood vir ons oorwin! Hy is jou beskutting. Hy beskerm jou teen alle kwaad en dra jou deur die lewe! Hy stap die pad saam met jou, deur goeie en slegte tye, al dink ons baie keer dat ons Hom nie nodig het in die goeies nie en dat Hy ons vergeet het in die slegtes. Maar Hy is daar! Hy is onveranderlik en sy beloftes sal Hy nooit vergeet of nie nakom nie. Hy is God Almagtig. Dit wat Hy belowe sal Hy doen! Hy is ewig en kan nie deur die golwe van hierdie lewe oorspoel word nie!

STILTETYE – GEBASEER OP DIE VIDEO VAN LOUISE MALHERBE

Antionette Raimond

Stiltetyd is nie 'n konsep waarmee ek grootgeword het nie of anders gesê dis nie deel van my tradisie nie. Tog is die woord stiltetyd nie onbekend vir ons nie, op skool en by CSV-kampe het ons gereeld daarmee te doen gekry.

Stiltetyd is, soos Louise Malherbe sê, om in die teenwoordigheid van God te kom tot op die vlak waar ons Hom beter leer ken.

In Job 38:2 sê God vir Job: "Wie maak die raadsbesluit daar tot duisternis met woorde sonder kennis?" en later in Job 42:5 sê Job: "Volgens hoorsê het ek van U gehoor, maar nou het my oog U gesien".
Dit wat ons van God weet, het ons dit van ander gehoor of het God ons dit vertel? Stiltetyd is 'n manier om God te leer ken. Dan gaan sit ons by Christus se voete, soos Maria by Christus se voete gaan sit het in Lukas 10:38-42 om deur Hom onderrig te word, om Christus se stem te leer ken soos Maria besig was.

En dit is belangrik dat ons die stem van God ken want in Openbaring 13 staan dat in die laaste dae die dier sal kom en hy sal nes die lam **lyk**.
Daar is baie dominees wat op preekstoele staan en soos ons dominees klink, maar nie die waarheid praat nie. En daar is baie mense wat hulself Christene noem en selfs 'beter' as ons leef, maar nie die waarheid praat nie. Maar die dier sal soos 'n draak praat, Openbaring 13:11. Dan is dit belangrik dat ons die stem van die Lam ken sodat ons kan onderskei tussen die twee.

In Spreuke 2:4 sê Salomo ons moet na die kennis soek "soos na silwer en dit naspeur soos verborge skatte". 'n Mens loop dit nie êrens toevallig raak nie, ons moet ywerig daarna soek.

In Jeremia 9:23-24 sê die Here, "*maar laat hy wat wil roem, hom hierop beroem dat hy verstaan en My ken*".

God begeer dat ons Hom sal ken en sê later in die vers dat Hy 'n behae daarin skep as ons Hom leer ken.

Stiltetyd help ons om in teëspoed, wanneer ons regtig afhanklik voel van God, staande te bly en in voorspoed dankbaar te wees.

Louise Malherbe gee 'n paar riglyne van hoe om stiltetyd te hou:

- Eerstens sal dit goed wees om 'n vasgestelde tyd te hê, hy noem dit 'n 'afspraak' met God. Deur die vasgestelde afspraak kom 'n mens in 'n roetine en is dit makliker om daarby te hou.
- Jy het natuurlik jou Bybel nodig en verkieslik nog 'n ander vertaling van die Bybel wat jou sal help om die dagstuk wat jy gelees het te verstaan.
- 'n Mens moet ook uitgerus wees, dit help nie jy gaan slaap 3 uur die oggend en staan 5 uur weer op nie, dis eerder 'n resep vir aan die slaap raak met jou Bybel as kopkussing!
- Vind 'n plek waar jy jouself kan afsonder, waar niemand jou kan steur nie en jy jouself kan fokus op wat God vir jou wil leer, (hier het ons in die bespreking gevind dat daar teveel nadruk gelê word op die afsondering bv. pas getroudes sal miskien eerder wil saam stiltetyd hou of vriende wat bymekaar oorbly ens. Of 'n persoon alleen of saam met ander, stiltetyd hou is nie van pertinente belang nie.)
- Dis ook belangrik om met 'n gees van afwagting jou stiltetyd te begin, en jou gedagtes voor te berei.

Maar die belangrikste van als is om tot God te bid en te vra dat Hy jou onderrig sal gee.

IS ONS KERKJEUG GESLOTE?

Willemien Kleyn

Ek word in ’n sekere gesin gebore
En daarmee is ek gelyk verlore.
Want my gesin is daardie soort
Wat nie eintlik by die res van die gemeente behoort.

Ek gaan skooltoe en kry ’n naam
Wat later nooit meer weg sal gaan.
Dit maak nie saak dat ek nie dieselfde bly nie,
Van daardie naam kom ek nooit meer vry nie.
Ookal vergeet julle hoe ek heet,
Hoe ek "is" sal julle nooit vergeet.

Maar mense, luister asb. na my,
Luister, en maak my vry.
Hoekom hou julle nog steeds vas
Aan die prentjie van hoe ek vroeër was?

Regtig?! Is dit regtig moontlik vir iemand binne die VGK om so te voel – om die VGK-jeug so te ervaar? Is dit moontlik vir iemand om in die VGK "uit" te voel, dit wil sê, is ons kerkjeug (vir sommige mense) geslote? Die jeug en ampsdraers van Pretoria het onlangs oor hierdie (en meerdere) vrae besin by hul minikongres. Die aand het begin met toesprake van Antoine Therone, Oom Roel en Tannie Henria Stolper. Kom ons kyk wat hulle (spesifiek Antoine) gesê het.



Die gedig bo hierdie artikel is geskryf uit die oogpunt van iemand wat binne die VGK grootgeword het en wat "uit" voel as gevolg van die etikette wat om sy/haar nek gehang word. Die onderwerp is egter breër as dit. Daar is ook ander redes hoekom sekere jeug binne die VGK uitgesluit voel. Dit sluit ook die vraag in of jeug van buite die VGK gemaklik voel om by ons aan te sluit.

Geslote beteken nie dat dit totaal onmoontlik is om deel te wees/word nie. Antoine het dit mooi verduidelik aan die hand van die volgende voorbeeld:

"As jy die aand laat by die huis kom en almal is weg en die huis is gesluit, of geslote, beteken dit nie dat jy glad nie kan inkom nie. Jy kan dalk. Maar dit gaan moeite kos: jy moet jouself êrens inwurm, of akrobaties deur ’n hoë venster klim. ’n Paar bloukolle later is jy binne. Maar: sou jou minder atletiese vriend of vriendin dit kon regkry? In ’n geslote kerk is dit nie onmoontlik om in te skakel nie, dis net nie maklik nie. ”

Watter soort mense voel dan uitgesluit, en hoekom? Antoine het die volgende (fiktiewe, dog op die waarheid gebaseerde) persone geskep om dit te illustreer:

1. Adélle het in die NG kerk grootgeword, maar haar gesin skakel deesdae baie aktief by ’n charismatiese kerk in. Sy is ernstig oor haar geloof en dink baie oor wat die Here van haar in haar lewe vra. Sy studeer by Tukkies en daar het sy ’n vriendin ontmoet wat in die VGK is. Hulle praat dikwels oor geloofsake, en Adélle het al een keer saam met haar vriendin kerk toe gekom. Maar dit voel vir haar of sy nooit heeltemal deel van die groep sal kan word nie. Daar is soveel jeug hier dat sy nie eers kan begin om hulle

name te onthou nie. En omtrent al die mense hier ken mekaar reeds van skooltyd af! Dit lyk of hulle alles saam doen, hulle speel saam sokker, hulle "social" saam, hulle gaan saam kerk toe, hulle woon een of ander klub by wat 'n jeugvereniging genoem word, en praat almal van een of ander kongres. As sy in hulle geselskap is, weet sy nie wat om te sê nie. Hulle verstaan mekaar se grappies, hulle gebruik af en toe 'n snaakse Hollandse woord en dan lag hulle almal, hulle ken mekaar se families, en hulle gaan op staptoere en hou saam vakansie. Al is die mense hier ook hoe oulik en vriendelik, weet Adélle nie of sy dit ooit sal regkry om een van hulle te word nie.

2. Barend was sy hele lewe lank nog in die NG kerk, maar sy ouers voel eintlik vere vir kerksake, en hy self is 'n Christen maar het nog nooit eintlik veel oor allerhande geloofsake gedink nie totdat hy lekker vriende gemaak het met 'n paar ouens in die VGK. Barend is 'n sosiale ou wat heel maklik vriende maak. Hy dink sy VGK vriende is soms bietjie styf, maar hulle het al oor baie dinge gepraat en soms moet hy regtig sê dat hy nog nooit so daaraan gedink het nie. Hy wens soms hy kon meer soos hulle wees. Hy wens ook hy kon regtig saampraat, want soms voel hy so dom. Hy weet nie eers wat hierdie kategismus en NGB is waarvan sy vriende heeltyd praat nie. Dis allerhande sulke goed wat hom op 'n manier minderwaardig laat voel. Hy het nou al 'n paar keer by van sy VGK vriende se huise gekuier, en dis soveel anders as by sy eie huis. Sy pa-hulle rook dat die blou dampe so staan, koop Lotto kaartjies, kyk Big Brother, gaan elke paar weke kerk toe, of gaan miskien 'n paar Sondae agter mekaar kerk toe maar beslis nooit twee keer op 'n Sondag nie, by sy huis sit almal heel aand om die televisie en eet sommer ook voor die televisie. By sy vriende se gesinne lyk dit baie anders. Barend aanvaar nou maar dat hy nie heilig genoeg is om eers daaraan te dink om te begin inskakel by die VGK nie. Hy begin sien dat daar fout is by die kerk waar hy nou is. Maar hy soek 'n kerk waar die mense nie heeltyd gaan neerkyk op wie en wat hy is nie, en waar hy heeltyd gaan voel hy het 'n agterstand nie.

3. Celeste het in die VGK grootgeword, maar sy voel soms so eensaam hier. Haar vriende op technikon is in kerke waar almal lyk of hulle soveel moeite doen om in mekaar belang te stel. Celeste gaan Sondagaande koffiedrinke toe, maar daar land sy altyd op in dieselfde groepie en sy wonder al of hulle nie ook begin moeg raak vir haar nie. Daar's twee of drie mense met wie sy Sondae 'n bietjie kan gesels, en sy het een of twee vriendinne. Maar sy weet nie waarom sy kort-kort voel sy is nie welkom in sekere groepe nie. Sy weet sy swot nie by die universiteit nie, en soms lyk dit vir haar as jy nie by die universiteit swot nie, tel jy nie. Sy weet sy's nie "stunning mooi" nie, anders sou sy ook so gewild gewees het soos 'n paar ander meisies in die kerk. Sy's ook nie so snaaks en vol grappies soos party van die ouens wat lyk of almal van hulle hou nie. Dalk is sy net te normaal. Sy begin dink die jeug hier is eintlik 'n klomp snobs. Jy moet of een of ander "party animal" wees, of jy moet heeltemal die teenoorgestelde doen en 'n totale koek wees, of jy moet iets impressive swot, of jy moet uitgaan met een van die cool ouens, soos 'n ou wat baie goed sokker speel of iets indrukwekkends swot. Eintlik weet sy nie meer wat presies jy moet wees om hier te tel nie. Om die waarheid te sê: sy kan amper nie meer omgee nie: sy's dik vir hierdie mense. Sy's 'n gelowige en sy weet kerk is belangrik en sy bid en lees Bybel .. . maar soms wonder sy of die Here van haar verwag om hier te bly as die mense haar nie werklik aanvaar nie.

Drie voorbeelde: drie jong mense wat sukkel om aanvaar te word binne die VGK en om daar tuis te voel. Drie fiktiewe voorbeelde wat tog nie só fiktief is nie, want daar is regtig sulke soort mense binne en buite die VGK. Wat doen ons, as jeug, daaraan? Staan ons ooit daarby stil dat ander mense moontlik deur ons toedoen, óf die kerk verlaat, óf nie by die kerk aansluit nie? Indien wel, doen ons ooit iets daaraan?

Tydens die gesprekke by ons minikongres het dit duidelik uitgekom dat ons baie keer onsself wil regverdig. Húlle moet beter by ons aanpas, húlle moet harder probeer. Dit is seker waar, altwee partye moet hul kant bring, maar die vraag is, bring ons ons kant? Doen ons alles in ons vermoë om ander mense welkom te laat

voel? Sien ons die mense buite ons vriendegroep nog wel raak?

As gevolg van al die artikels oor die wêreldberaad oor volhoubare ontwikkeling in die Kompas het ons besluit om nie artikels daaroor in die "Olielamp" te plaas nie. Julle kan al die artikels daaroor in die laatste Kompas lees.

Resensies

WITH BOTH HANDS WAVING - JUSTIN FOX

Wilma Lubbinge

A Journey through Mozambique



Vir dié van julle wat die tydskrif GETAWAY lees, is Justin Fox al 'n ou bekende naam. As reis-foto joernalis skryf hy elke maand artikels vir dié tydskrif oor plekke in Afrika en die omringende eilande. En dit is dan ook oor een van hierdie opdragte wat die boek handel.

Dit sou die laaste groot storie van die millenium wees. Mosambiek. Van die suide tot die noorde. Daar waar 80% van die paaie so te sê onbegaanbaar is en daar nog berigte van bandiete en kapings is. Maar Mosambiek is besig om sy eertydse glorie terug te kry en weer 'n toerisme 'hot spot' te word.

Die boek is nie net 'n relaas van persoonlike belewenisse nie, maar bevat ook 'n gedetaileerde verhaal van die geskiedenis van die land. Van die inboorlinge tot die Portugese seevaarders. Die welvaart en dan die burger-oorlog wat vir amper twee dekades die land in 'n ystergreep

vasgehou het. Deur die pen van die skrywer beleef mens die talle fasette van reis. Die landskap, die bevolking se swaarkry lewe en die geskiedenis wat elke keer sy voetspore laat. Maar dan ook die persoonlike kant van die reis, waar jy jouself moet ondersoek en moet vind.

Die skrywer het egter 'n siniese houding teenoor die Christendom, wat mense ontwortel uit hulle eie inheemse tradisies en dan pad gee om hulle aan hulle eie lot oor te laat.

P 199
'When I eventually get down to writing my travelling tales, I'll call it 'Memoirs of a White Kaffir', said Mike from the back seat. He'd got a bit of colour back and had eaten most of his lunch.
'Why on earth?' I asked, roused from mind-numbing road stupor.
'Well, when I was doing national service, all the troeps used to call me kaffirboetie because of my politics. As you know, 'kaffir' also means 'non-believer' in Arabic – and, in a sense, I've been a non-believer of one form or another all my life. And a nomadic one at that. '

The drone took over again, but Mike had got me mulling. It was an intriguing way of viewing this travel virus we all seemed to have contracted. Ours was a sort of secular faith, a belief in enlightenment through motion. As 'journeymen' we were learning the ropes of life through the performance of travel, a Cole's Notes or short cut to the ways of the world. Or so we told ourselves. And what better way to learn the scriptures of kaffirdom, of agnosticism or chronic dissidence or scepticism, than through travel. Journeying with an anthropological and soul-mining bent; indeed mind-bending at times. '

Ongelukkig sien 'n mens ook die gevolge hiervan in die lewe van die skrywer en sy reis-genote. Hulle lewe sonder God is dan ook die las wat hulle moet dra. Die skrywer se soeke na homself en die rustigheid van 'n veilige hawe word ook weerkaats in sy onseker verhouding en (erotiese) verlange na sy vriendin.

In kort, dit is 'n maklike-terug-sit-en-lees-boek, maar lees dit met die nodige kritiek.

Die boek is beskikbaar by meeste boek winkels.

FILM RESENSIE: I AM SAM

Wilma Lubbinge

Die karakters
Die hoofkarakter, Sam, is geestelik gestremd, sy IK is dié van 'n sewejarige kind.
Lucy, Sam se dogtertjie, 'n doodnormale kind met 'n abnormale pa in 'n onsimpatieke wêreld.
Retha, gespeel deur Michelle Pheiffer, is die baie besige, baie suksesvolle advokaat, maar ook 'n patetiese ma.
Sam se vriende is ook almal geestelik gestremd, maar is die beste vriende waarvoor jy kan vra.

Die verhaal
Die fliek vertel ons nie presies hoe nie, maar Sam word pa van 'n dogtertjie. Hy was nie getroud met die ma van die kind nie, en sy het nie kans gesien om die kind groot te maak nie. (Miskien was sy bang dat die kindjie ook gestremd sou wees.) Op pad huis toe, van die hospitaal af, verdwyn sy net tussen die mense op die straat.
Sam moet die dogtertjie alleen grootmaak.

Met stampe en stote het Sam haar groot gekry. Natuurlik ook met die hulp van sy vriende en die buurvrou wat na Lucy omgesien het as Sam werk toe moes gaan. (Hy werk as 'n helper in Starbucks, 'n koffiewinkel.)
Lucy word groot en gaan skool toe. Haar ontwikkeling is normaal en sy leer vinnig. Kort voor lank het sy haar Pa in ontwikkeling verby gesteek. Sy besef haar Pa is nie soos ander Pa's nie:

Lucy: Did God meant for you to be like this or was it an accident?
Sam: What do you mean?
Lucy: I mean that you are different.
Sam: But what do you mean?
Lucy: You are not like other daddies.
Sam: I am sorry, I am sorry.
Lucy: Don't be sorry Daddy, nobody else's daddy come to the park.
Sam: Yeah, we are lucky, are we lucky …

Lucy wil nie slimmer as haar Pa wees nie. Die onderwyseres by die skool kom agter dat Lucy haarself terug hou en stel ondersoek in. Sy kontak welsyn en Lucy word vir haar 'eie beswil' by Sam weggevat. Volgens die staat kan Sam nie na Lucy se belange omsien en aan haar behoeftes voldoen nie. Die hofsaak word geskeduleer en Sam is geregtig op 'n advokaat.

Deur 'n sameloop van omstandighede word Retha gedwing om Sam se saak te aanvaar sonder dat sy daarvoor vergoed word. Sy besluit om maar die saak te aanvaar, dit 'n kans te gee en dan weg te stap.
Retha is 'n regte 'moderne vrou'. Haar lewe is haar beroep, en tussendeur het sy nog 'n man en kind wat maar die oorskiet tydjies moet kry. Haar kind ly die swaarste daaronder en sy pluk die vrugte daarvan.



Dan volg die ware essensie van die fliek soos die verhaal ontvou. Sam se eenvoudigheid en opregtheid, sy liefde vir sy kind word die kontras van Retha se wêreld van selfsug en 'n gejaag na wind.

Die boodskap
Die wêreld het 'n sekere persepsie van wat aanvaarbaar en onaanvaarbaar is. Ook van wat normaal en abnormaal is.
Die boodskap van die fliek kan min of meer so saamgevat word:
Net oor iets afwyk van die normale beteken nie dat dit nie meer 'n betekenis het nie. Die wêreld waarin ons leef met al sy reëls en idees oor wat so hoort of wat moet verander, verloor baie van sy opregtheid en diversiteit.

Ons word so geabsorbeer deur dít wat ons dink is reg, dat ons nie agterkom hoe verkeerd ons is nie.

Dan het ons iemand baie eenvoudig nodig om ons juis te wys dat opregtheid en liefde nie direk gelyk is aan ons IK nie.

Kan die fliek by Christene aanbeveel word?
Die fliek het definitief geen Christelike grondslag nie, die Bybel en Christus speel geen rol in die karakters se lewe nie.
Maar die fliek het tog talle fasette wat dit baie meer aanvaarbaar maak as talle ander flieks.

Positief:
?? Daar is geen sekstonele nie.
?? Geen gewelddadige tonele
?? Die fliek is realisties en sensitief.

Negatief:
?? Die Here se Naam word in een toneel ydellik gebruik.
?? Die Here word nie erken en eerbiedig nie.

Kort om: As jy besluit om iets te wil kyk (met die hele gesin) is hiérdie een van die beter keuses. Jy sal definitief met ander oë na die wêreld en veral die verstandelik gestremde mense kyk.

HTTP://WWW.SPINDLEWORKS.COM/

'n Lid van ons susterkerk in Kanada het "SpindleWorks" in 1997 begin uit belangstelling vir die gereformeerdes oral in die wêreld. Hul kerke, skole en selfs hul families het sy belangstelling geprikkel, en die resultaat was "SpindleWorks".

Sy doel met "SpindleWorks" was om vryelik inligting op die internet beskikbaar te stel wat te doen het met al die gereformeerde kerke in die wêreld. Allerhande nuus oor dié kerke, preke, kommentare en selfs musiek, skryf- en digkuns sal jy daar kan kry. En nie net in Engels nie! Verwysings wat handig te pas kan kom vir verdere studie van die genoemde (en ander) onderwerpe kan verkry word op die werf.

Probeer maar dié webwerf, daar kan dalk nog 'n paar verrassinkies opduik…

Deur die sleutelgat

Na 'n droogte in socials, en ja selfs die universiteit se "vakansie" (blykbaar is dit net 'n klug,) kon niks daaraan verander nie, het daar darem 'n paar goed gebeur so agter die sleutelgat wat noemenswaardig is. Dinge gebeur darem in die vakansie, in elk geval die groter meerderheid se vakansie. Hoekom ons 'n vakansiedag net voor die vakansie het mag Joost alleen weten. 'n Mens kan niks met so 'n dag doen nie dis net een lang uitgerekte dag van leer en skuldig voel omdat jy dalk nie leer nie. Want eksamen is mos gewoonlik net voor die vakansie, en dis nog 'n raaisel. En nog iets, wie wil vakansie hê in die middel van 'n toetsreeks?

Gepraat van eksamen, die matrieks begin (of het al begin) met hulle eindeksamen. Dis nou die lekker gedeelte hoor, hêh, hêh...? Maak nie saak wat ander mense sê nie, dis die tyd wanneer jou pa en ma vir jou enigiets sal bring solank jy net in jou kamer bly. Af tye in die Mall is net so belangrik en sorg dat jou ouers tog 'n afskrif van jou 'studierooster' met die tye in die Mall het. Baie sterkte aan ons matrieks, Elisabeth, Ilse, Ingrid, Alfred, Sjirk, Albert en Corne! En moenie worry nie, die wat al daar deur is sê dit is glad nie so erg nie.

Net om ons vakansie so bietjie meer woema te gee kom Alex en Janneke hier aan. Okay, ons almal weet Alex het nie regtig vir ons gekom nie en dit kon ons duidelik sien. Alex was darem so vriendelik om ons almal na sy verjaarsdagpartytjie te nooi, maar dit was nie asof hy ons regtig daar (wou?) nodig gehad het nie, of wel? Dit was wel gesellig hoor. Alex ons weet nou nie so mooi nie maar as 'n man wat bekend staan vir sy vele woorde ewe skielik nie ordentlik kan speech nie, dan kan 'n mens nie help om bekommerd te raak nie. Wat het skeef geloop? Of wat het reggeloop? Net nog een vragie, is dit regtig nodig om met Elisabeth d. m. v. jou selfoon te kommunikeer as julle langs mekaar sit? of is dit omdat sy jou asem aanhoudend wegslaan?

Janneke wat hier aan kom met net somer klere? Janneke en Alex: het julle nie geweet as julle mooi weer na die Kaap bring, wat alreeds die allermooiste weer gehad het nie, dat dit dalk alles kan omkrap?! Mooi + mooi = aaklig… Janneke kon sien wat die Sonstraal Dam van die Sleutelgat behels en was duidelik nie genoeg (na ons mening) beïndruk nie. Ons weet dit is nou nie Hartebeespoortdam nie, maar hier in die Kaap hoef alles nie groter te wees om beter te wees nie.

Alex en Elisabeth ondersteun matchfixing. Of het ek dit nou verkeerd? Hoekom anders vat julle dan vir Hester en Chrisjan uit.
Met die gemors weer moes ons klere verkoop en op die ou end was dit eintlik 'n voordeel. Die mamma's was nie afgesit deur die reën nie en het net hoe harder dit gereën het, nader aan die waentjie gestaan en meer gesoek. Ons enigste skuiling. Ons het dus sopnat daar weg gegaan, maar darem met ons sakke voller.

Ilse se ouers was weg (dink ek) want dit was hulle huis wat ons telkens oorgeneem het as ons nie meer plek gehad het om te kuier nie. Met 'n baie prettige Monopoly-aand het Koning Ewart Antonides sy sin gekry.

Herman en Elsbeth, ons weet dit is dalk bietjie skokkend om dit so in die nasionale Jeugblad te lees, maar julle huis is ook nie 'n slegte uithangplek nie. Ons het die plek op horings geneem! Ons is seker Ouma van der Linden wou saam kuier. Julle moet tog daaraan dink om julle huis meer dikwels oor naweke vir die jeug oop te stel.

Soos wat die dinge gebeur, raak die tyd toe ook minder, die vakansie was net 'n week onthou! Ek self kan dit nie juis meer as net 'n vae flits onthou nie, dit het gekom en gegaan (amper soos McDonalds se 95c roomys. Ja goed, dit maak nou nie juis sin nie, maar dit is baie warm hierbinne).

Na hierdie vinnige blik in die lewe van die Kaapse jeug, is dit tyd om weer te groet. Sterkte aan almal van julle wat eksamen en toetse skryf, hou die blink kant bo.

Tot volgende keer,

Die sleutelgatloerder

Voetspore

Die langverwagte QuizNER. Dit was weke vooraf geadverteer. "Maar wat is dit nou eintlik?" wou almal weet. Die Voetspoor het egter baie gou uitgevind dat QuizNER staan vir 'n Quiznight + Dinner! Dit was voorwaar 'n interessante aand.. . selfs Arjan het 'n verborge talent openbaar.. . Selfs voël se kind sal nie weet waar daardie gefluitery vandaan kom nie! So tussendeur die Toringbou van Babel (of in elk geval die poging), mense wat vuurhoutjies in onherkenbare vorms pak, lewende mummies wat met behulp van toiletpapier geskep word en 'n vreemde veerspoegery, was die aand 'n reuse sukses. Om nie eers te dink aan al die heerlike kos en dan spesifiek die nagereg nie! Dankie JV Ichtus vir al julle moeite. Dit was 'n great aand! .

'n Groepie dapper stappers (Andreas, Dirk, Johan, Adriaan, Frans en natuurlik Marlies, Willemien, Carina, Ruard, Spark, Corneel, Marita, Marie-Louise, Gerda, Elisabeth en Linda) het die langnaweek die Drakensberge gaan trotseer. Behalwe dat 'n paar mense gek*ts (jammer vir die sensitiewe lesers) het, klink dit wel of die staptoer baie lekker was. Iemand moet net asseblief vir Ruard leer dat 'n slaapsak nie gemaak is om by kranse af te vlieg nie… Die etes is volgens tradisie (tot sommige mense se vreugde en tot sommiges se ergernis) afgerond met 'n pot knoffel. Gelukkig is almal weer veilig terug al het 'n paar gekla oor spiere wat effens seer is.

Terwyl die ander lekker in die Boendoes rondgerits het, was daar darem nog 'n paar jeuglede in Pretoria oor. Hierdie oorgeblewenes het 'n gesellige aandjie saam met die ouderlinge geniet. Die tema was: "Is ons kerkjeug geslote?" Antoine (en oom Roel en tannie Henria) het sy bydrae gelewer met 'n interessante toespraak waarin drie gevalle-

studies behandel is. In die groepsbespreking het Anelle, Barend en Celeste (die gevallestudies) praktiese oplossings vir hulle

probleme gevind. Hopelik is die VGK nie meer so 'geslote' vir hulle nie. Dit was nogal 'n goeie onderwerp om oor na te dink.

Die JSK (Jeugdelike Sendings Kommissie) was ook al weer hard aan die werk. Sondag, 8 September het ons broeders en susters in die geloof in Mamelodi vir ons kom kuier. Die Voetspoor het in die kerk se kombuis gaan snuffel en was verras oor die innoverende metodes van sommige mense wat probeer het om die rys warm te kry. Sekere "intelligente" mense glo jy kan met oondbakke en kookwater 'n baine marie skep… Die Voetspoor wonder nou nog of dit suksesvol was. 'n Positiewe Bybelstudie oor geloofseenheid het bygedra tot die sukses van die dag. Verder het die Voetspoor verneem dat 'n relatiewe klein groepie jeug 24 September Soshanguve toe was vir 'n konferensie oor die tema 'Born Again' (wedergeboorte). Ou bekendes soos George, Mikey en Oupa was ook daar. Dit klink of goeie kontakte weer opgebou is.

Nie eers ons jeug kon die Wêreldberaad ignoreer nie. Die Studente Vereniging het 'n 'outing' gereël en hierdie keer het almal sak en pak na die WNNR gegaan. Daar het Martin de Wit ons toegespreek oor Sustainable Development. Dit was baie interessant en 'n groot deel van die jeug het lekker saamgepraat terwyl enkele onkundiges tot die konklusie gekom het dat lineêre en elementêre verhoudings ietwat bo hulle vuurmaakplek is. Die aand is op 'n gesellige noot afgesluit met 'n Marsmallowbraai by Roose se huis.

Die Jeugkoor, Adoramus, oefen ook weer volstoom en Voetspoor wil net almal graag herinner dat Adoramus half agt begin en nie kwart voor agt soos wat 'n sekere 'Maranata-Taxi' glo nie. Die Voetspoor is wel bly as almal wel daar is, want dit gaan voor die wind met die singery. Wonder wat hulle sou gemaak het sonder Cornelis, Nicolas en Antoine wat die basse en tenore verteenwoordig? Toe maar, julle ander sing ook mooi. Die Voetspoor sien sommer baie uit na die komende uitvoering.

Dit was ietwat stil in Pretoria die afgelope tyd. Vir julle wat dit dalk nie agtergekom het nie, Tanya en Alex het ons vir 'n rukkie verlaat. Tanya was op 'stress leave' Kokstad toe. Vir julle wat nie weet waar dit is nie.. . dit is vermoedelik êrens tussen die Drakensberge, Lesotho en Durban se strand. Alex het ook so pas teruggekom met sterre in sy oë na 'n week in die Kaap. Die Voetspoor kan net raai dat dit 'n lekker week was…

Patty en Henriëtte kon ook intussen nie stilsit nie en het saam 'n Eco-Challenge gaan aandurf. Volgens gerugte was dit redelik uitmergelend, maar dit klink darem of hulle dit geniet het. Hulle het onder andere uitgevind dat 'n kano nie te maklik regop bly nie en ook dat die water 'n temperatuur oortref het wat 'n ysbeer sou laat bibber het… Voetspoor het opgemerk dat Patty met 'n gipsarm loop. Blykbaar 'n motorfietsongeluk.. . Sterkte!

Die Matrieks is nou in die laaste stuiptrekkings van hulle hoërskoollewe. Akasia se stadsaal was hierdie jaar weer 'n gewilde plek en Voetspoor het verneem (van 'n anonieme bron) dat die sprokiesaand in die soon-to-be-ex-leerlinge se lewe 'n sukses was. Talle (en ek bedoel TALLE) foto's wys meisies met krulle, grimering en hoëhakskoene en ouens in deftige aandpakke. Die Voetspoor kon nie glo dat dit regtig ons einste matrieks is nie, maar soos hulle sê: Foto's lieg nie…

Maar soos julle weet, kom alle goeie dinge tot 'n end. Nou is dit weer terug agter die boeke en die realiteit van daardie gevreesde woord: EKSAMEN. Sterkte aan almal wat moet swot, probeer swot en ook die wat maak asof hulle swot. Dink aan die vooruitsig van 'n heerlike, lang Desembervakansie en 'n kongres in die Kaap om na uit te sien, maar laat die Voetspoor nou eers self agter die boeke inklim. Sug!

So loop die jaar ook op sy einde. Almal raak maar so verskriklik besig hier aan die einde van die jaar en sommige mense poog nog steeds om elke aand van die week 'n 'social' in te pas. Die Voetspoor begin nou eers besef watter invloed dit op 'n mens se slaappatroon het. Maar dit is deur en deur die moeite werd.

Tot 'n volgende Olielamp-Uitgawe

Die Voetspoor

KONGRES 2002

Ná nog 'n ope vergadering wat deur verskeie kenners van krygskuns, operasionele taktieke en ekonomiese oorlogsbeleid bygewoon is, is daar verdere inligting wat aan voornemende krygsliede oorgedra kan word.

Ondanks elke denkbare kinkel en slenter van die hoogs bekwame Kommissie vir Ekonomiese Kongressake, kon die invloed van stygende aartappelpryse, dalende randwaarde en hemelhoë inflasiekoers nie ontduik word nie, en is die koste van die vyf-dag lange kamp ietwat opgestoot na R250 – R290. Omdat ons weet dat ons gevegsgenote van oorkant die magtige Vaal nog heelwat sal moet neerlê vir petrolgeld, verheug dit die KEKS (Kommissie vir Ekonomiese Kongressake) dat daar, saam met sneeu op die Kaapse bergreekse aan die einde van November 2002, 'n verwagte daling van R0,60 in die koste van petrol sal wees.

Die Sleutelgatloerder berig verder dat daar heelwat wag op alle energieke Jeuglede in die vorm van sport en ontspanning so tussen die drilpelotonne en parades deur. Dat op die vergadering die woorde "physical training" gebruik is in die plek van genoemde "sport en ontspanning", word liewer nie verhaal nie. Dit dien natuurlik nie 'n doel om die onfikses van ons leërorde sewe soorte stuipe op die lyf te jaag by die vooruitsig van oefening nie.

'n Woordjie van advies – pak maar die PT-shorts en help-my-sterk-lyk pakkies in saam met die "armyboots" en "camoflage". Nie te vergete die skoensmeer vir die gesigte nie… Dis nou as avontuurlus en 'n onvermoë om uitdagings te weerstaan, een van jou karaktereienskappe is! Die Raad van Operasionele Taktieke (ROT) het op die vergadering aangebied om voorsiening te maak vir voldoende veldflesse – ons probeer maar die Kaapse somerson, swaar kamoefleerdrag en hitte-uitputting op so 'n manier bestry – en kompasse – selfs in die natuurskoon van Hawekwa se slagvelde kan 'n mens die paadjie na die kospotte van ontbyt byster raak. Die terrein is ietwat bergagtig, soos die veteraan krygslui sal kan beaam.

Hiermee is dit vir eers weer die einde van die uitgaaflikse berig oor die vordering van die generaals en hul adjudante, majoors en luitenants in die Kaap.

Nog iets.. .

BROKKIES@EPOS.CO.ZA

From: willy_k@freemail.absa.co.za
To: brokkies@epos.co.za
Sent: Sunday, September 01, 2002 4:03 PM
Subject: Fwd: Death is certain, life isn't. The Big Rocks

Dis nou amper eksamentyd en almal raak al 'n bietjie gespanne oor die werk wat nog moet gebeur voor die einde van die jaar. Hoe gaan ons alles klaar kry? 'n Rukkie terug het die volgende e-pos by my uitgekom. Toe ek dit nou weer lees dink ek – dis iets wat miskien relevant is. Kyk maar en sien wat dink jy.. .

Willemien

Ps. As julle miskien nog iets het vir brokkies, stuur dit maar vir my (sien e-pos adres hierbo)

----- Original Message -----
From: time_m@nager.com
To: willy_k@freemail.absa.co.za

Sent: Thursday, April 25, 2002 9:36 AM
Subject: Death is certain, life isn't. The Big Rocks

A while back I was reading about an expert on the subject of time management. One day this expert was speaking to a group of business students and, to drive home a point, used an illustration those students will never forget.

As this man stood in front of the group of high-powered overachievers he said, "Okay, time for a quiz. " Then he pulled out a one-gallon, wide-mouthed mason jar and set it on a table in front of him. Then he produced about a dozen fist-sized rocks and carefully placed them, one at a time, into the jar.

When the jar was filled to the top and no more rocks would fit inside, he asked, "Is this jar full?"

Everyone in the class said, "Yes. "

Then he said, "Really?" He reached under the table and pulled out a bucket of gravel. Then he dumped some gravel in and shook the jar causing pieces of gravel to work themselves down into the spaces between the big rocks.

Then he asked the group once more, "Is the jar full?" By this time the class was onto him. "Probably not," one of them answered. "Good!" he replied. He reached under the table and brought out a bucket of sand. He started dumping the sand in and it went into all the spaces left between the rocks and the gravel.

Once more he asked the question, "Is this jar full?" "No!" the class shouted. Once again he said, "Good!"

Then he grabbed a pitcher of water and began to pour it in until the jar was filled to the brim. Then he looked up at the class and asked, "What is the point of this illustration?"

One eager beaver raised his hand and said, "The point is, no matter how full your schedule is, if you try really hard, you can always fit some more things into it!"

"No," the speaker replied, "that's not the point. The truth this illustration teaches us is: If you don't put the big rocks in first, you'll never get them in at all. "

What are the "big rocks" in your life? A project that you want to accomplish? Time with your loved one? Your faith? Your education? Your finances? A cause? Teaching or mentoring others? Remember to put these big rocks in first or you'll never get them in at all.

So, tonight or in the morning when you are reflecting on this short story, ask yourself this question: What are the big rocks in my life? Then, put those in your jar first.

Live life to the fullest. Life is too short to waste on unhappiness, and only you can change it.

GEDIG

"En Hy het baie dinge deur gelykenisse tot hulle gespreek en gesê…"
Matthéüs 13:3a

Tydens sy tyd op aarde, het Jesus baie gelykenisse vir die volk en vir sy dissipels vertel. Deur middel van daardie gelykenisse het Hy God aan die mense voorgestel op so 'n manier dat hulle dit sou kon verstaan. Elke gelykenis wys 'n aspek van wie God is. Die volgende gedig bevat 'n klomp van dié beelde, asook beelde wat verleen is uit ander Skrifgedeeltes. Die outeur (onbekend) wys dat God relevant is vir elke persoon, en elke beroep.

Groete,
Willemien Kleyn

Wat beteken Jesus vir Jou?

Vir die kunstenaar is Hy die SKILDER
Vir die argitek is Hy die HOEKSTEEN
Vir die bakker is Hy die BROOD VAN DIE LEWE
Vir die bankier is Hy die SKAT IN DIE HEMEL

Vir die bioloog is Hy die LEWE
Vir die bouer is Hy die FONDASIE
Vir die dokter is Hy die GROOT GENEESHEER
Vir die onderwyser is Hy die LEERMEESTER
Vir die boer is Hy die SAAIER
Vir die bloemiste is Hy die ROOS VAN SARON EN LELIE VAN DIE VELD
Vir die geoloog is Hy die ROTS VAN ALLE TYE
Vir die wynboer is Hy die WYNSTOK
Vir die regter is Hy die REGVERDIGE
Vir die jurie is Hy die GETROUE EN WARE GETUIE
Vir die juwelier is Hy die PÊREL VAN ONSKATBARE WAARDE
Vir die advokaat is Hy die WETGEWER EN RAADSMAN
Vir die joernalis is Hy die GOEIE NUUS
Vir die filosoof is Hy die WAARHEID
Vir die prediker is Hy die WOORD VAN GOD
Vir die dienskneg is Hy die GOEIE HEER
Vir die staatsman is Hy die KONING VAN ALLE NASIES
Vir die student is Hy die KENNIS
Vir die akteur is Hy die REGISSEUR
Vir die teoloog is Hy die BEGIN EN VOLEINDER VAN GELOOF
Vir die sondaar is Hy die LAM VAN GOD WAT ALLE SONDES WEGNEEM
Vir die kerk is Hy die HOOF en
Vir die Christen is Hy die MESSIAS EN SEUN VAN GOD!

SY VREDE

Die daglig breek
altyd deur en verdryf
die duisternis.
Die helder kleure
van die reënboog kom
na die reën en mis
en na die pyn wat
die lewe bring, is God
se liefde en sy vrede
ons troos en ons genesing.

Sperdatum vir die volgende uitgawe:
10 November 2002

VERJAARSDAE

Bethal
Riaan Porter 7-Nov

Johannesburg
Reinier de Haan 12-Nov
Marietjie Bijker 22-Des

Kaapstad
Floris Antonides 17-Nov
Arjan van der Lugt 22-Nov
Hermie Kooyman 23-Nov
Peter Raimond 7-Des
Jaco Haak 8-Des
Elizabeth Raimond 10-Des
Magda Geleijnse 31-Des
Giny van der Vinne 31-Des

Pretoria
Albert-Jan Zielman 12-Nov
Johan Bijker 15-Nov
Gerrit Bruintjes 4-Des
Carina Bijker 5-Des
Tanya de Vente 7-Des
Ronel van der Linden 19-Des
Richard de Vente 23-Des
Timo Schuring 28-Des

Maranata
Albert Bouwmeester 11-Nov
Cora Visser 16-Nov
Sietse van der Meulen 24-Nov
Regina van den Bout 30-Nov
Johan Sterk 1-Des
Willem Sterk 1-Des
Axel Hagg 2-Des
Gerda de Jager 9-Des
Marijke Aartsma 9-Des
Matthijs van der Hout 13-Des
Renier Kampman 13-Des
Marinus van der Hout 19-Des